FIDUCIARY INSTITUTE OF SOUTH AFRICA

FIDUSIÊRE INSTITUUT VAN SUID AFRIKA

Examination date / Eksamen Datum:	24 NOVEMBER 2011
Time / Tyd:	8:30 – 12:30 (4 hours /ure 15 minutes/minute)
Total marks / Totale Punte:	150

You are expected to answer three sections of 50 marks each.

Section A is compulsory for everybody.

Only answers in your own handwriting in the official answer book will be considered.

AFDELING A: REG EN ETIEK IN FUDISIÊRE DIENSTE

VERPLIGTENDE DEEL

VRAAG 1

Vir elk van die volgende meerkeusevrae, skryf die korrekte opsie in u antwoordboek neer. (byvoorbeeld 1.5 iv)

1.1 Die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (FISA) se Etiese en Professioneel Verantwoordelikheids Gedrag Kode is gebaseer op'n verbintenis tot die volgende algemene beginsels:

a. Integriteit en Bevoegdheid
b. Objektiwiteit, Eerlikheid en Bevoegdheid
c. Ywer en Integriteit
d. Kennis en Eerlikheid
e. Integriteit, Onafhanklikheid van denke en Ywer

Watter van die volgende opsies is korrek?

i. a en c
ii. c
iii. e en b
iv. e
v. d (1)

1.2 Jack Naidoo, ongetroud, sterf terwyl hy'n 2-jaar-werkskontrak in Kaapstad het. Hy besit'n huis in Durban. Jack se vader, wat sy naasbestaande is, bly in Jack se huis in Durban. Jack het gereeld na Durban teruggekeer om sy vader te besoek, om instandhoudingswerk by die huis te doen en om aandag te gee aan sy persoonlike sake. Jack se dood moet in die voorgeskrewe formaat aangemeld word:

a. Binne 14 dae vanaf die datum van sy dood, deur die eksekuteur wat in sy testament aangewys is, by die Meester van die Hooggeregshof, Pietermaritzburg.
b. Binne 14 dae vanaf die datum van sy dood, deur sy werkgewer, by die Meester van die Hooggeregshof, Kaapstad.
c. Binne 21 dae vanaf die datum van sy dood, deur sy aangestelde eksekuteur, by die Meester van die Hooggeregshof, Kaapstad.
d. Binne 14 dae vanaf die datum van sy dood, deur sy vader, by die Meester van die Hooggeregshof, Pietermaritzburg.
e. Binne 14 dae vanaf die datum van sy dood, deur die eksekuteur wat in sy testament benoem is, by die Meester van die Hooggeregshof, Kaapstad. (1)

1.3 Watter van die volgende stelling(s) is onwaar? Let daarop dat meer as een stelling onwaar kan wees.

Die FISA Dissiplinêre Komitee ontvang'n klagte oor 'n lid en besluit om voort te gaan met die dissiplinêre proses teen die lid. Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee moet as volg te werk gaan:

a. Lig die lid in oor die klagte wat teen hom/haar ingedien is en versoek hom/haar om binne 10 dae 'n skriftelike reaksie aan die voorsitter van FISA te stuur.
b. Lig die lid in oor die klagte wat teen hom/haar ingedien is en dat dissiplinêre stappe geneem kan word.
c. Nadat die lid ingelig is oor die klagte, versoek die lid om binne 21 dae teenoor die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee te reageer.
d. Lig die lid in dat slegs skriftelike antwoorde van die lid as bewyse by 'n dissiplinêre verhoor gebruik sal word.
e. Lig die lid in dat hy/sy ook kan kies om nie op die beweringe te reageer nie. (1)

1.4 Slegs sekere persone mag die boedel van 'n oorlede persoon sonder die voorsiening van sekuriteit likwideer of verdeel. Eksekuteursbriewe mag nie sonder die verskaffing van sekuriteit aan die volgende persone uitgereik word nie:

a. 'n Ouer, kind of langslewende gade.
b. 'n Trustmaatskappy wat in die testateur se testament vrygestel is van die verskaffing van sekuriteit.
c. 'n Behoorlik aangestelde benoemde wat in diens is van 'n korporasie wat deur die testateur in sy testament benoem is.
d. Die veronderstelde eksekuteur (wat voldoen het aan die vereistes van artikel 15 van die Boedelwet, 66 van 1965) van die testateur se langslewende lewensmaat in 'n geregistreerde burgerlike verbintenis.
e. Enige persoon of sy/haar gade wat deur bloedverwantskap of huweliksverwantskap tot met en insluitend die tweede graad aan die oorledene verwant is.

Die volgende opsie is korrek:

i. Al die antwoorde hier bo
ii. a en e

iii. c en d
iv. c en e
v. b en d (1)

1.5 Die Tribunaal, wat deur die Dissiplinêre Komitee ingestel is met die doel om 'n dissiplinêre verhoor te hou, sal ingeval 'n lid (van FISA) skuldig bevind word, 'n gepaste straf oplê. Watter van die volgende is nie 'n gepaste straf ingevolge die Dissiplinêre Regulasies van FISA nie?

a. 'n Boete van nie meer as R15 000 nie.
b. Die opskorting van lidmaatskap vir 'n tydperk van nie meer as ses maande nie.
c. 'n Lewenslange verbod op lidmaatskap.
d. 'n Waarskuwing.
e. Al die antwoorde hier bo is gepaste strawwe. (1)

[5]

VRAAG 2

Dui aan watter van die volgende stellings "Waar" of "Onwaar" is en **motiveer** u keuse. Geen punte sal toegeken word indien geen motivering of verkeerde motivering gegee word nie. Waar u hofuitsprake aanhaal, moet u altyd na die mees onlangse uitsprake verwys.

2.1 Die Grondwet van FISA bepaal dat die Instituut 'n regspersoon sal wees en die gesag sal hê om dispute tussen lede te arbitreer. (1)

2.2 Nakoming van en gehoorsaamheid aan die spesifieke bepalings van FISA se Etiese Kode vorm die hoeksteen van alle lede se handelinge eksklusief met kliënte en met mekaar. (1)

2.3 Die volgende opskrif van 'n Likwidasie-en-Distrubisie-rekening voldoen aan die vereistes van Regulasie 5(1)(a) van die Boedelwet, 66 van 1965 (artikel 103):

Aanvullende Likwidasie-en-Distrubisie-rekening in die Testate Boedel van wyle Donald Duck (Identiteitsnommer 2309235056089) van Leafy Laan 2, Green Meadows, Durban, wat op 16 Desember 2008 oorlede is en wat ongetroud was. (1)

2.4 Jimmy Joubert is 'n trustee van die Sweet Familietrust. Jimmy, 'n prokureur en lid van FISA, tree op as 'n trustee en administreer trusts as deel van sy daaglikse besigheidsaktiwiteite. Jimmy se vrou, Janneke, 'n eiendomsagent, het 'n eiendom aan die Sweet Familietrust teen 'n prys bo die markwaarde verkoop en verdien 'n goeie kommissie op hierdie transaksie. Jimmy en die ander trustees het die aankoop goedgekeur. Jimmy het sy magte as trustee *bona fide* uitgeoefen, ten spyte daarvan dat hy nie die ander trustees ingelig het oor sy belang by die transaksie nie. (1)

2.5 Janet is benoem as 'n trustee ingevolge 'n testament waarin die testateur die Meester van die Hooggeregshof opdrag gee om weg te doen met die vereiste dat sekuriteit deur die eksekuteurs en trustees verskaf moet word. Die Meester besluit om sy diskresie uit te oefen en versoek sekuriteit van Janet. Die Meester kan Janet skriftelik magtig om sekere handelinge ten opsigte van die trusteiendom uit te voer hangende die verskaffing van sekuriteit deur Janet. (1)

[5]

VRAAG 3

'n Natuurlike of regspersoon, in hulle hoedanigheid as 'n trustee van 'n *inter vivos*-trust, mag 'n lid wees van 'n beslote korporasie, onderworpe aan sekere voorwaardes. Noem die voorwaardes met verwysing na wetgewing. **[8 x ½ = 4]**

VRAAG 4

Die Hoofmeester se Direktief 3 van 2006 bepaal dat 'n beëdigde verklaring deur 'n naasbestaande ten opsigte van bestorwe boedels onder sekere omstandighede ingedien moet word. Noem hierdie omstandighede en bespreek die formaliteit vir die voltooing van die naasbestaande beëdigde verklaring. **[6 x ½ = 3]**

VRAAG 5

Bakkies, Bryan en Schalk is almal trustees van die Pinot Trust, 'n diskresionêre trust is. Die trustees kom eenparig en mondelings ooreen dat Schalk 'n stuk prima eiendom wat so pas in die mark gekom het in die naam van die trust kan koop en hulle voorsien Schalk van mondelinge magtiging. Die volgende dag onderteken Schalk die kontrak om die prima eiendom te koop. Die besluit wat die magtiging aan Schalk verleen, word een week later skriftelik deur die trustees bekragtig. 'n Week later lig die verkoper die trustees in dat hy, na oorleg met sy prokureur, die transaksie kanselleer aangesien hy 'n hoër aanbod gekry het. Bespreek of die verk oper die kontrak mag kanselleer. Verwys na toepaslike wetgewing en hofuitsprake in jou antwoord. **[5]**

VRAAG 6

Hannah, sewentien jaar oud, trou met Justin, 21 jaar oud. Hannah wil graag fondse wat namens haar in die Voogdyfonds gehou word, eis. Lig Hannah in hoe sy te werk moet gaan om hierdie fondse te eis. Verwys na die toepaslike wetgewing. **[6 x ½ = 3]**

VRAAG 7

John werk vir die ABC Korporasie, wie se hoofbesigheid dit is om bestorwe boedels te administreer. Uit hoofde van sy amp by die korporasie, mag John 'n eksekuteur wees. Die korporasie het die nodige dokumente by die Meester ingedien om John as 'n benoemde van die korporasie aan te stel.

7.1 Noem die dokumente wat by die Meester ingedien moet word om John as 'n benoemde van ABC Korporasie aan te stel. (2)

7.2 Indien daar botsende belange is tussen sy pligte teenoor sy werkgewer en die administrasie van die boedel, is John se rol as eksekuteur ondergeskik aan sy pligte as werknemer? (1)

7.3 John sterf 3 maande later. Moet ABC Korporasie weer aansoek doen om Eksekuteursbriewe met 'n ander benoemde? Motiveer u antwoord. (2)

[5]

VRAAG 8

Die Boedelwet, 66 van 1965, gee die Meester die mag om onder sekere omstandighede 'n eksekuteur uit die amp van die administrasie van 'n bestorwe boedel te verwyder.

8.1 Bespreek kortliks aan watter formaliteite die Meester moet voldoen voordat die eksekuteur verwyder word? (4 x ½ = 2)

8.2 Noem kortliks die gronde vir die verwydering van 'n eksekuteur deur die Meester. (6 x ½ = 3)

[5]

VRAAG 9

Artikel 28(1)(c) van die Boedelwet, 66 van 1965, magtig eksekuteurs om boedelgeld in rentedraende rekeninge by banke te deponeer. Banke bied dikwels vir eksekuteurs die betaling van administratiewe fooie aan vir die administrering van sulke fondse. Die bank sal dikwels vir die eksekuteur 'n hoër rentekoers op saamgevoegde fondse bied.

9.1 Dui aan wat die amptelike posisie is ten opsigte van hierdie praktyk. Verwys na die relevante gesag in jou antwoord. (4 x ½ = 2)

9.2 Watter stappe moet die eksekuteur neem om seker te maak dat hy nie sy fidusiêre plig verbreek ten opsigte van die bogenoemde praktyk nie? (3)

[5]

VRAAG 10

Noem 5 oogmerke van FISA. **[5]**

VRAAG 11

OUR Bank Trustees is 'n gevestigde trustmaatskappy wat die volgende fidusiêre dienste lewer: die opstel van testamente en trustaktes, boedelbeplanning, die administrasie van trusts en bestorwe boedels.

11.1 Moet OUR Bank Trustees by die Finansiële Intelligensiesentrum 'n as "verantwoordbare instansie" registreer? Motiveer u antwoord. (2)

11.2 Is OUR Bank Trustees vrygestel ten opsigte van sekere transaksies van die nakoming van Deel 1 (plig om kliënte te identifiseer) en Deel 2 (plig om rekords te hou) van Hoofstuk 3 van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 38 van 2001? Indien u antwoord "ja" is, noem die transaksies waarvoor OUR Bank Trustees vrygestel is. Indien die antwoord nee is gee redes daarvoor. (2)

11.3 Watter trustees hoef nie as "verantwoordbare instansie" by die Finansiële Intelligensiesentrum te registreer nie? (1)

[5]

[TOTAAL 50]

AFDELING B: BEREDDERING VAN BESTORWE BOEDELS – (50 punte)

VRAAG 1

Kies die korrekte antwoord. Geen Motivering is nodig nie.

1.1 Eksekuteursvergoeding kan verhaal word:

a) Op enige tydstip tydens die beredderingsproses.
b) By ontvangs van die Navraagblad van die Meester van die Hooggeregshof.
c) Soos nodig om binne die begroting te bly of om met die Eksekuteur se kontantvloei te help.
d) Sodra die boedelrekening verstryk het en geen besware ontvang is nie.
e) Al die antwoorde hier bo.
f) Nie een van die antwoorde hier bo nie. (1)

1.2 Wie moet 'n oorledene se aandeel in 'n privaat maatskappy waardeer en goedkeur om seker te maak dat dit aanvaarbaar is vir Boedelbelastingdoeleindes?

a) Die boekhouer ingevolge AARP ("GAAP").
b) Ingevolge AARP ("GAAP" die boekhouer indien die gade die alleenerfgenaam is en slegs wanneer hulle binne gemeenskap van goedere getroud was.
c) 'n Geswore waardeerder.
d) Die kommissaris.
e) a en d.
f) b en d. (1)

1.3 Ten einde die aftrekking ingevolge Artikel 4A(2) van die Boedelbelastingwet, 45 van 1955, soos gewysig, te gebruik moet die Eksekuteur die volgende doen:

a) Dien 'n afskrif van die Testament van die eerssterwende gade in.
b) Dien 'n afskrif van die Likwidasie-en-Distrubisie-rekening van die eerssterwende gade in.
c) Dien 'n afskrif van die Boedelbelastingopgawe van die eerssterwende gade in.
d) Dien 'n gesertifiseerde afskrif van die betaling wat aan die nou-oorlede gade gemaak is in waar 'n aftrekking ingevolge artikel 4(q) geëis is, en hierdie bedrag mag nie meer as R3,5 miljoen wees nie.
e) Al die antwoorde hier bo.
f) Nie een van die antwoorde hier bo nie. (1)

1.4 Daar sal geen kapitaalwinbelasting betaalbaar wees in'n boedel waar :

a) Die enigste groeibate in die boedel 'n huis (primêre woning) is, en die groei van aanvang van KWB tot op die datum van dood R1,6 miljoen is nie.
b) Die langslewende gade die alleen erfgenaam is en die basiskoste van die bates wat sy erf, oorrol teen die waarde van die bates op die datum van die dood van die oorledene.
c) Die enigste bates in die boedel meubels, motorvoertuie en persoonlike besittings is.
d) Die boedel ingevolge artikel 18(3) van die Boedelwet 66 van 1965 beredder word.
e) a en c.
f) b en d. (1)

1.5 Nadat die boedel gefinaliseer is, word R50,000 wat vir vyf jaar vas belê was as 'n boedelbate geïdentifiseer:

a) Dit is nie nodig om die Meester van die Hooggeregshof in te lig nie, aangesien die boedel gefinaliseer is.
b) Die bedrag moet eenvoudig aan die erfgename van die restant verdeel word.
c) 'n Tweede en Finale rekening wat die bate hanteer, moet by die Meester van die Hooggeregshof ingedien word.
d) Die Eksekuteur moet die bate hanteer en 'n Aanvullende R ekening by die Meester van die Hooggeregshof indien.
e) Al die antwoorde hier bo.
f) Nie een van die antwoorde hier bo nie. (1)

[5]

VRAAG 2

Bespreek die volgende stelling kortliks

'n Eksekuteur stel 'n boedelagent, afslaer en transportbesorger aan om aandag te gee aan verskillende funksies wat nodig is om die boedel te beredder. Ingevolge 'n ooreenkoms tussen die professionele persone en die eksekuteur, betaal die professionele persone die eksekuteur 'n persentasie van die fooi wat hulle uit die boedelfondse ontvang vir die besigheid wat vir hulle gegee is. So 'n ooreenkoms is bloot goeie besigheidspraktyk om winsgewendheid van die eksekuteur se besigheid te verbeter en die erfgename hoef nie ingevolge die *Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008* of enige ander wetgewing daaroor ingelig te word nie. **[2]**

VRAAG 3

John, 45 jaar oud, en Melissa, 42 jaar oud, is in'n verhouding . John het 2 kinders, Megan, 15 jaar oud, en Justin, 19 jaar oud. Melissa het geen kinders nie, maar is in 1999 geskei, het weer getrou en het in 2005 'n weduwee geword. John is op 3 Maart 2011 oorlede.

John se bates op die datum van sy dood:

Huis (waarin hulle albei bly)	R1,500,000
Mercedes Benz	R 100,000
Beleggings	R 400,000
Totale bates	**R2,000,000**

Melissa se bates op die datum van John se dood:

Dakwoonstel	R1,800,000
Mercedes Benz SLK	R 200,000
Aandeleportefeulje	R8,000,000
Totale bates	**R10,000,000**

Aan die begin van elke verhouding wat in die vrae hier onder beskryf word, was die aanvangswaardes van die boedels soos volg:

John se bates

Huis (waarin hulle albei bly)	R1,500,000
Mercedes Benz	R 100,000
Beleggings	R 400,000
Totale bates	**R2,000,000**

Melissa se bates:

Dakwoonstel	R1,800000
Mercedes Benz SLK	R 200,000
Aandeleportefeulje	R4 000,000
Totale bates	**R6,000,000**

Nie John of Melissa het ten tyde van John se dood enige laste gehad nie.

3.1 Die volgende scenario's sit die maniere uiteen wat John en Melissa bespreek het oor hoe hulle verhouding kon voortgaan.

Bespreek elke scenario asof dit die werklike posisie was op die datum van John se dood. Onderskei in elke scenario tussen:

A) Die omvang van die totale erflating wat Melissa sal ontvang, indien enige, en
B) Enige eis of aanspraak wat teen die boedel van'n gade kan ontstaan

Berekeninge moet waar moontlik gedoen word en geen beredderingskoste moet in berekening gebring word nie.

3.1.1 John en Melissa was binne gemeenskap van goedere getroud. John het 50% van die boedel aan sy siek moeder nagelaat en die orige 50% van sy boedel in gelyke dele aan sy kinders. (3)

3.1.2 John en Melissa is buite gemeenskap van goedere 'ngetroud met huweliksvoorwaardekontrak wat die aanwasbedeling uitsluit. John het die netto waarde van

sy beleggings aan Melissa bemaak en die restant van sy boedel het hy in gelyke dele aan sy twee kinders bemaak. (2)

3.1.3 John en Melissa is buite gemeenskap van goedere getroud, met die aanwasbedeling. Die huweliksvoorwaardekontrak sluit die huidige motorvoertuie, huis en dakwoonstel uit van die aanwasberekening. Melissa erf 50% van die boedel en John se siek moeder erf die ander 50%. (5)

3.1.4 John en Melissa het hulle verhouding as 'n 'burgerlike verbintenis' ingevolge die Wet op Burgerlike Verbintenisse, 17 van 2006, geregistreer. John het 50% van die restant van sy boedel aan Melissa nagelaat en die orige 50% aan sy siek moeder. (3)

3.1.5 John en Melissa het slegs saamgewoon. John het 50% van die restant van sy boedel aan sy siek moeder nagelaat en die orige 50% in gelyke dele aan sy kinders. (2)

3.2 Verduidelik die rol en verantwoordelikhede van die eksekuteur om enige onderhoudseis in die Likwidasie-en-Distrubusie-rekening, sowel as die faktore wat in berekening gebring moet word wanneer so 'n eis bereken word, te weerspieël. (5)

[20]

VRAAG 4

Don, 52 jaar oud, is buite gemeenskap van goedere, sonder die aanwasbedeling, getroud met Cathy, 52 jaar oud. Don het 3 kinders, Kyla, Anthony en Dominique, wat almal bo 18 jaar oud is, uit 'n vorige huwelik. Al die kinders het op die datum van sy dood geleef.

Cathy het een kind uit 'n vorige huwelik, Alex, wat 19 jaar oud is en op die datum van Don se dood geleef het.

Don is op 6 Junie 2011 oorlede.

Don was voorheen getroud met Pauline, wat in 2005 oorlede is. Don het R2,500,000 van Pauline se boedel geërf en hierdie bedrag is as aftrekking ingevolge Afdeling 4(q) van die Boedelbelastingwet toegelaat. Die restant van haar boedel, wat R1,000,000 beloop het, is aan 'n familietrust bemaak tot voordeel van haar kinders. As gevolg van die aftrekkings ingevolge Artikel 4A en 4(q) van die Boedelbelastingwet, was geen boedelbelasting in haar boedel betaalbaar nie.

Die volgende bates is weerspieël in die inventaris wat by die Meester van die Hooggeregshof ingedien is. Hierdie waardes is ook deur die Kommissaris goedgekeur.

Huis (waarin Don en Cathy gebly het)	*Nota 1*	R 3,000,000
Donprop (Edms.) Bpk. – 100% aandeelhouding	*Nota 2*	R 1,500,000
Swazifarm Sugars (Edms.) Bpk. – 100% aandeelhouding	*Nota 3*	R10,000,000
Switserse aandeleportefeulje wat deur UBS bestuur word	*Nota 4*	R10,000,000
Investec Beleggingsrekening wat bestaan uit Nedbank Rainmaker Pensioenfonds A	*Nota 5*	R3,000,000
RSA Kleinhandelspaarobligasie – geen benoemde begunstigde nie		R 500,000
RSA Kleinhandelspaarobligasie – sy vrou is as begunstigde benoem		R 500,000
ABSA Tjekrekening in Don se naam		R 52,475
ABSA Tjekrekening in Donprop (Edms.) Bpk. se naam – Don het tekenregte op die rekening		R 50,000

ABSA Geldmark 1	R	485,000
ABSA Geldmark 1 – rente verdien van 1/3/2011 tot datum van dood	R	600
ABSA Geldmark 1 – rente toegeval, maar nie op 6/6/2011 betaal nie	R	100

Die Don Familietrust

Leningsrekening verskuldig aan Don deur die Trust	*Nota 6*	R1,000,000
Aandele in Don se naam nog nie na die trust oorgedra nie		R5,000,000
Kontant in Don se bankrekening synde betaling vir die aandele wat na die Don Familietrust oorgedra moet word		R5,000,000
Alexander Forbes – Bewaringsfonds	*Nota 7*	R5,000,000
Learn to sell Insurance (Edms.) Bpk. – 50% aandeelhouding	*Nota 8. Nota 9*	R1,000,000
Motors, bote, meubels en persoonlike besittings		R 500,000
Opbrengs van lewenspolis op Don se lewe betaalbaar aan Anthony		R1,000,000

Notas

1. Die huis waarin hulle bly, word deur Donprop (Edms.) Bpk. besit.
2. Don het 'n negatiewe leningsrekening in Donprop (Edms.) Bpk. vir R100 000.
3. Die Swazifarm-bate is 'n maatskappy wat in Swaziland geregistreer is. Die hoofbesigheid is die verbouing van suikerriet. Vir inkomstebelastingdoeleindes word dit as 'n beheerde buitelandse besigheid beskou.
4. Die Switserse aandeleportefeulje is by sy oorlede moeder geërf wat in 1995 oorlede is en wat altyd 'n inwoner van Switserland was. Don het 10% van die restant van sy oorlede moeder se boedel geërf, welke bates altyd in Switserland was en nooit na Suid-Afrika gebring is nie.
5. Die Investec-beleggingsrekening is 'n Lewende Annuïteit.
6. Don het onlangs 'n ooreenkoms met die Don Familietrust aangegaan om aandele aan die trust te verkoop. Hy is uit die trust vir die aandele betaal, maar die aandele is nog nie van sy naam af oorgedra nie. Don is 'n trustee sowel as 'n inkomste- en kapitaalbegunstigde van die trust.
7. Die Alexander Forbes-belegging is 'n pensioenfonds wat ontstaan het as gevolg van langtermyndiens wat Don gehad by 'n groot korporasie wat hulle eie pensioenfonds bedryf. Don is weens personeelvermindering deur die korporasie afgedank en hy het besluit om sy pensioen te neem en dit by Alexander Forbes te plaas. Hy het geen bedrag uit die pensioenbetaling geneem nie.
8. Don het 50% van die aandele in die besigheid *Learn to sell Insurance (Edms.) Bpk.* besit. Don het 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms aangegaan met sy seun, Anthony, wat die ander 50% van die besigheid besit. Ingevolge die swak opgestelde koop-en-verkoop-ooreenkoms het elke aandeelhouer 'n lewenspolis op sy eie lewe uitgeneem en die ander aandeelhouer benoem om die opbrengste te ontvang by die dood van die eerssterwende. Sodanige betaling is gemaak met die uitdruklike doel om die ander aandeelhouer se aandele vir die bedrag van die polis te koop. Die Kommissaris het ingestem dat die waarde van die besigheid dieselfde was as die bedrag van die opbrengs van die polis wat aan Anthony betaalbaar is.
9. Elke aandeelhouer het die premies op sy eie polis betaal en SAID het bevestig dat dit familiebesigheid was.

Don se Testament

Don het vinnig 'n testament laat opstel en dit onderteken toe hy met sy boedelbeplanningsoefening begin het, net om seker te maak dat hy 'n geldige testament het ingeval hy sou sterf voordat hy sy boedelplan finaliseer,en al die strukture in plek was. Die woonhuis moes op daardie tydstip in die naam van Donprop (Edms.) Bpk. oorgedra word. Hy het dit aan sy boedelbeplanner en Cathy duidelik gestel dat hy geen bedoeling gehad het om die woonhuis aan Cathy te bemaak nadat die maatskappy geregistreer was nie, aangesien sy 'n kapitaal - en inkomstebegunstigde van die familietrust sal wees sodra dit by die Meester van die Hooggereghof geregistreer is. Don het nooit sy testament bygewerk nie en ingevolge sy testament maak hy die volgende bemakings:

Die huis waarin hy en Cathy gebly het aan Cathy.
Die restant van sy boedel soos volg:

25% aan sy vrou, Cathy
25% aan sy dogter, Kyla
25% aan sy seun, Anthony

Notas:

Met die lees van die testament merk jy, as eksekuteur, op dat 'n kwart aandeel van die restant nie genoem word nie. Wanneer jy vra vir afskrifte van die dokumentasie in verband met die opstel van die testament, of enige vorige testament, word jy deur die familie en die persoon wat die testament opgestel het, ingelig dat daar nêrens enige dokumente of rekords is nie en dat daar aangeneem moet word dat die dokumentasie vernietig is.
Cathy het besluit om die voorwaardes van die testament te aanvaar en sal nie enige eis waarop sy moontlik volgens die wet geregtig kan wees, opvolg nie.

Vir die doel van die vrae hier onder:

i) Geen inkomstebelasting/KWB is in die boedel betaalbaar nie.
ii) Die totale boedelbelasting wat in die boedel betaalbaar is, word as R1,000,000 aangegee.

4.1 Stel die Bate- en Lasterekeninge van die Eerste en Finale Likwidasie-en-Distrubisie-rekening op. Jou antwoorde moet onder andere die volgende identifiseer:

Die omvang van die eksekuteur se vergoeding wat ingevorder moet word, en
Die bedrag wat na die distrubisierekening oorgedra moet word.

Moenie enige ander administrasiekostes bereken of in berekening bring nie. (14)

4.2 Bereken die bedrag van die Artikel 4(A)2-aftrekking wat in Don se boedel geëis kan word? (1)

4.3 Stel 'n tabel op wat die bates weerspieël wat in die Boedelbelasting addendum as geagte bates beskou word en wat vir boedelbelastingdoeleindes uitgesluit sal word ingevolge die verskillende subartikels van Artikel 4 van die Boedelbelastingwet 45 van 1955, soos gewysig. (4)

4.4 Stel 'n skedule op wat al die erfgename in die boedel aandui en die verskillende spesiale bemakings of persentasies/proporsies van die restant van die boedel wat elke begunstigde sal ontvang, omskryf.
Geen berekening van werklike erflatings word verlang nie, maar u moet verduidelik waarom elke persoon elke bate of persentasie van die restant sal erf wat u sê hy/sy sal erf. (4)

[23]

[TOTAAL 50]

AFDELING C: DIE OPSTEL VAN TESTAMENTE EN KONSULTASIES – (50 PUNTE)

VRAAG 1

John West is 'n 50-jarige wewenaar. Hy het twee kinders, **Jacob** (26 jaar oud) en **Sarah** (12 jaar oud). Sy voor oorlede vrou was hulle moeder. Sy bates is as volg:

Item	Bedrag
Kontant in bankrekening	R1,400,000
Belegging in effektetrusts	R 900,000
Aandele in Jowe (Edms.) Bpk.	R1,600,000
Leningsrekening teen Jowe (Edms.) Bpk.	R Nul
Mazda-motor	R 60,000
Meubels	R 40,000
	Totaal: R4,000,000

John het geen laste nie.
U is 'n senior fidusiêre adviseur in diens van 'n goed gevestigde trustmaatskappy, Endurance Trust Beperk. John raadpleeg u oor sy testament en verwante kwessies. Beantwoord die volgende vrae:

1.1 John vra u oor die betekenis en doel van die klousule wat vorige testamentêre dokumente herroep.

1.1.1 Verduidelik die doel en effek van die herroepingsklousule aan John. (2)

1.1.2 Stel slegs die herroepingsklousule vir John se testament op. (1)

[3]

1.2 Die maatskappy Jowe (Edms.) Bpk. het geen laste nie. Die huis waarin John tans bly (en die afgelope 10 jaar gebly het) is die enigste bate wat in die naam van die maatskappy geregistreer is. Die waarde van die huis is R1,600,000. Dit is John se wens dat Jacob die huis na John se dood moet erf.

1.2.1 Is dit moontlik om 'n klousule in sy testament op te stel wat uitvoering sal gee aan hierdie wens? Motiveer u antwoord. (2)

1.2.2 Adviseer John oor verskillende moontlikhede om sy wens te hanteer. (2)

[4]

1.3 John wil hê dat Jacob en die maatskappy waarvoor u werk (Endurance Trust Beperk) die eksekuteurs van sy bestorwe boedel moet wees.
Stel die klousule op ingevolge waarvan die eksekuteur(s) aangestel word en sluit alle bepalings in, wat u nodig ag vir so 'n klousule. **[4]**

1.4 John is bekommerd oor Sarah, wat net 12 jaar oud is. Indien hy sou sterf terwyl sy nog minderjarig is, wil hy graag hê dat sy die voordele van die kontantbedrag van R1 400 000 moet ontvang om haar in staat te stel om haar skoolloopbaan te voltooi en om met haar studies te begin.

1.4.1 Verduidelik en bespreek die bepalings wat, na u mening, by John se testament ingesluit moet word om vir Sarah voorsiening te maak. **Moet nie** die klousules opstel nie. Motiveer u antwoord volledig en verduidelik wat die gevolge sou wees indien hierdie bepalings nie by die testament ingesluit word nie. (6)

1.4.2 Op watter ouderdom bereik 'n minderjarige meerderjarigheid? (1)

[7]

1.5 John wil sy testament by die huis onderteken.

1.5.1 Verduidelik kortliks aan John hoe die testament onderteken moet word om te voldoen aan die formele vereistes vir die ondertekening van 'n testament. (4)

1.5.2 Wat sal die gevolge wees indien Jacob, John se testament as 'n getuie onderteken? (2)

1.5.3 Wat sal die gevolge wees as Sarah, John se testament as 'n getuie onderteken? (2)

[8]

[26]

VRAAG 2

2.1 Peter en Mary is **binne gemeenskap van goedere getroud**. Peter vra u om vir hom 'n testament sonder Mary se medewete op te stel. Is dit volgens die reg vir Peter moontlik om sy eie testament, onafhanklik van Mary, te hê? Motiveer u antwoord. (2)

2.2 Indien Peter voor Mary sou sterf, watter boedel sal Peter se eksekuteur hanteer wanneer die likwidasie-en-distrubisie-rekening opgestel word? (1)

[3]

VRAAG 3

As U in besit is van 'n oorspronklike, ondertekende testament van 'n kliënt en u hoor dat die kliënt oorlede is, wat is u wetlike verpligtinge ingevolge die Boedelwet, 66 van 1965? **[2]**

VRAAG 4

Mnr. Greg Hughes en mev. Ida Hughes, wat binne gemeenskap van goedere getroud was, is op 1 Mei 2007 geskei. Greg is op 1 Junie 2007 buite gemeenskap van goedere met Janet getroud. Greg is op 8 Junie 2007 tragies in 'n motorongeluk dood, slegs een week na sy troue met Janet. Janet was ten tyde van die ongeluk swanger met Greg se kind.

Greg het 'n testament nagelaat wat in 2005 opgestel is en wat voorsiening maak vir "*R30 000 vir my seun, Kevin, en die restant van my boedel vir Ida".* Op die datum van sy dood was Kevin (wat uit sy huwelik met Ida gebore is) 14 jaar oud. Sewe maande na die ongeluk, het Janet geboorte geskenk aan 'n gesonde seun, Greg Jnr.

Veronderstel Greg se boedel vir distrubisie (na alle eise, administrasiekoste en boedelbelasting) is 'n kontantbedrag van R630 000. Beantwoord die volgende vrae:

4.1 Hoeveel sal elk van die volgende persone ontvang?

Ida

Janet

Greg Jnr.

Kevin (4X½=2)

4.2 Veronderstel dat Greg op <u>1 Desember 2007</u> oorlede is en nie op 8 Junie 2007 nie, maar dat al die ander feite wat hier bo genoem is, onveranderd bly. Hoeveel sal elk van die volgende persone ontvang?

Ida

Janet

Greg Jnr.

Kevin (4X½=2)

[4]

VRAAG 5

Malcolm Brown (50 jaar oud) raadpleeg u oor sy moeder se testament. Sy is Mary Brown, 'n weduwee wat op 25 Mei 1926 gebore is en nou 85 jaar oud is. Malcolm sê vir u dat hy Mary met al haar finansiële en persoonlike sake help. Sy is onlangs in 'n sentrum vir verswakte persone opgeneem. Haar gesondheid het na die siekte en dood van haar dogter, Monique, agteruitgegaan. Malcolm lig u in dat Mary hom 'n paar maande gelede versoek het om 'n deskundige oor haar testament te raadpleeg, en om dit, indien nodig, te laat verander. Hy het ongelukkig nog nie sover gekom om dit te doen nie. Hy wil nou graag die testament met u bespreek soos wat Mary versoek het. Hy wil graag haar huidige testament verstaan en indien haar testament nie in orde is nie, oorweeg hy dit ook om haar te help 'n nuwe testament te onderteken ten spyte van haar verswakte toestand.

Lees Mary Brown se huidige testament noukeurig deur:

TESTAMENT

1. Dit is my, Mary Brown (gebore 3 Mei 1926), buite gemeenskap van goedere getroud met Peter Brown, se wense. Ek herroep alle vorige testamente.
2. Ek bemaak 'n kontantbedrag van R200 000 (twee honderd duisend rand) aan my eggenoot, Peter Brown.
3. Ek bemaak my huis aan my seun, Malcolm Brown, en my dogter, Monique Marais.
4. Ek bemaak my lewende annuïteit by die maatskappy Excelsior Life aan my suster, Anne Shaw.

GETEKEN op hierdie 30ste dag van September 2002 te Kaapstad.
AS GETUIES:

[onderteken deur Anne Shaw as getuie] [onderteken deur Mary Brown as testatrise]

[onderteken deur Lydia Vosloo as getuie]

Die testament is drie jaar voor haar man se dood, 'n paar jaar gelede, deur Mary Brown self opgestel. Let daarop dat die testament net uit vier klousules bestaan. Dit is behoorlik en korrek deur die twee getuies en Mary onderteken. Beantwoord die volgende vrae nadat u die testament noukeurig deurgelees het.

5.1 Mary het nie geweet hoe om 'n testament korrek op te stel nie. U sal onder andere oplet dat sy versuim het om in haar testament aan sekere belangrike kwessies aandag te gee. Identifiseer enige twee van hierdie kwessies en bespreek die gevolge indien sy sou sterf sonder dat daar in haar testament aan sodanige kwessies aandag gegee word. (4)

5.2 Bespreek klousule 2, 3 en 4 van die testament deur te verduidelik wat die effek van elk van hierdie drie klousules op die afhandeling van haar boedel sal wees. Hou ingedagte dat U nie al die noodsaaklike feite en inligting in hierdie vraag ontvang het nie. Identifiseer dus en bespreek ook die feite en inligting wat u by Malcolm moet kry om hom behoorlik te kan adviseer. (8)

5.3 Malcolm sê vir u dat Mary tans swak is en dit baie moeilik sal vind 'n dokument te onderteken. Bespreek die kwessies wat oorweeg moet word wanneer u advies gee oor die geldige ondertekening van 'n testament vir Mary onder hierdie omstandighede. (3)

[15]

[TOTAAL 50]

AFDELING D: TRUSTADMINISTRASIE - (50 PUNTE)

VRAAG 1

1.1 'n Trustee het in sekere spekulatiewe beleggings belê as 'n persentasie van die trust se portefeulje. Die waarde van hierdie beleggings het gedaal. Kan die trustee staat maak op 'n bepaling wat by 'n trustinstrument ingesluit is om hom vry te stel van aanspreeklikheid vir vertrouensbreuk waar hy versuim het om dit te doen? Motiveer u antwoord. (1)

1.2 Die begunstigdes van 'n *inter vivos*-trust is ontevrede met die administrasie van die trust en wil hê dat die trustees uit hulle amp verwyder moet word. Onder watter omstandighede kan die trustees verwyder word? (2)

1.3 Die trustees van 'n *inter vivos*-trust het 'n kontrak aangegaan nadat die aansoek om registrasie by die Meester van die Hooggeregshof ingedien is, maar voordat Magtigingsbriewe ontvang is. Is die kontrak geldig en kan dit afgedwing word? Motiveer u antwoord. (1)

1.4 Jane is die benoemde van B, 'n trustmaatskappy, en as sodanig 'n trustee saam met ander van die AAA Trust. Dit is B se beleid dat die trustmaatskappy trustbates in sy eie interne produkte moet belê. Is dit toelaatbaar? (1)

1.5 John is 'n eiendomsagent sowel as 'n trustee van die XXX Trust. Die trust vervreem 'n vaste eiendom aan 'n koper wat deur Johan aan hulle voorgestel is. Kan John die normale agentekommissie terughou? Gee redes vir u antwoord. (1)

1.6 Gee twee voorbeelde van rekords wat 'n trustee moet behou? (1)

1.7 Wanneer is trustees persoonlik aanspreeklik vir regskostes. (1)

1.8 Is daar 'n beletsel daarop dat 'n man en vrou die enigste trustees van 'n inter vivos- trust mag wees? (1)

1.9 Kan 'n gade sy boedel by egskeiding beskerm deur sy bates in 'n inter vivos-trust te hou? (1)

1.10 Kan die bepalings van 'n *mortis causa*-trust gewysig word? Motiveer u antwoord. (1)

1.11 Is dit waar dat die jaarlikse finansiële state van 'n trust geoudit moet word? Motiveer u antwoord. (1)

1.12 Indien 'n bemaking ingevolge 'n testament aan 'n liefdadigheidsorganisasie bemaak is en die liefdadigheidorganisasie ten tyde van die testateur se dood nie meer bestaan nie, sal die bemaking deel vorm van die restant van die boedel? Verduidelik u antwoord. (1)

1.13 Indien 'n toekenning ingevolge 'n testament aan 'n trust gemaak is en 'n liefdadigheidsorganisasie die uiteindelike begunstigde is en daardie liefdadigheidsorganisasie ten tyde van die beëindiging van die trust nie meer bestaan nie, watter remedie het die trustee? [1]

[14]

VRAAG 2

U is genader deur 'n kliënt wat graag 'n vakansie-eiendom by die see wil koop. Na 'n bespreking het u vir die kliënt aanbeveel dat die eiendom in 'n *inter vivos*-trust gehou moet word.

Bespreek stap vir stap hoe die kliënt te werk moet gaan om hierdie trust op te rig en om die eiendom in die trust te laat registreer. **[½ x 12]**

VRAAG 3

Mnr. Jones se testament maak voorsiening daarvoor dat aansienlike aandeleportefeulje aan 'n *mortis causa*-trust bemaak moet word om 'n inkomste vir sy vrou te voorsien. By mev. Jones se dood moet die kapitaal in sy drie kinders vestig.
'n Hele paar jaar na haar man (mnr. Jones) se dood, emigreer mev. Jones en sy kom gou agter dat haar lewenskoste in haar nuwe land aansienlik hoër is as voorheen. Mev. Jones versoek nou die trustees om die aandeleportefeulje in die trust om te skakel na staatseffekte en voorkeuraandele om die inkomste wat aan haar verskaf word te maksimeer.

Bespreek hoe die trustees behoort te reageer. **[5]**

VRAAG 4

Mev. Elizabeth Browne is in 'n ongelukkige huwelik en het u geraadpleeg. Sy het geen kennis van trusts en die bestuur van trusts nie. Sy vermoed dat inligting oor die trust moontlik van haar weerhou word. U is gevra om kommentaar te lewer en om aanbevelings te doen oor die volgende familiereëling.

Die Browne Familietrust is 15 jaar gelede deur haar man, Howard Browne, opgerig. Die eerste trustees is Howard Browne, Elizabeth Browne, hulle oudste seun Keith Browne en 'n prokureur, Hadley James Marcus. Magtigingsbriewe is uitgereik en Hadley het opdrag gekry om die trustrekords in stand te hou.

Die trustees het die diskresie om kapitaal en/of inkomste aan die begunstigdes, naamlik mnr. en mev. Browne en hulle volwasse kinders Keith Browne, Gillian Smith, Gerald Browne en hulle onderskeie nakomelinge, te betaal.

Trustbates

	R
Die plaas "Bedford" (nota 2)	22,000,000
Oeste op landerye	5,000,000
Vee	800,000
Residensiële eiendom "Rustig" (nota 1)	6,000,000
Aandeleportefeulje (nota 3)	18,000,000
Kontant	600,000
Eiendomsindikasie (in likwidasie) (nota 5)	waarde onseker

Notas:

1. Howard & Elizabeth woon in die residensiële eiendom.
2. Keith bly op die plaas Bedford en behartig al die boerdery-aktiwiteite.
3. Howard bestuur die aandeleportefeulje.
4. Hadley het onlangs geëmigreer maar het 'n volmag ten gunste van Gerald gegee voordat hy vertrek het aangesien hy nog nie finaal gevestig is nie.
5. Hadley het ook die eiendomsindikasiebelegging aanbeveel kort voordat hy geëmigreer het.
6. Vir inkomstebelastingredes het Keith nie al die inkomste uit boerderybedrywighede in die finansiële jaarstate weerspieël nie, aangesien daar sekere kontanttransaksies was en Keith hierdie kontant gebruik het om verbeteringe aan die plaashuis aan te bring en om 'n voertuig vir sy vrou te koop.

7. Howard het onlangs 'n aanbod onderteken om 'n woonstel vir R500 000 in die naam van die trust te koop sodat Gillian se kind, Peter, daar kan bly terwyl hy verder studeer.
8. Gerald, die jongste seun, ontvang 'n maandelikse toelaag van die trust, maar is ontevrede omdat hy voel hy word in die duister gehou oor die trust en die trustbates. Gerald voel ook dat sy broer en suster groter voordeel uit die trust ontvang as hy.

Die volgende is 'n uittreksel uit die trustakte, wat oor die algemeen standaard is:

Die trustees sal die mag hê om verdere trustees aan te stel benewens dié wat reeds in die amp is of om dié wat ingevolge klousule 9.1.12 hier onder nie meer in die amp is nie, te vervang, ongeag of hulle in Suid-Afrika woonagtig is of nie. Enige begunstigde mag 'n trust ee wees. Waar 'n begunstigde 'n trustee is, sal daar egter altyd nie minder as vier trustees wees nie. Enige vakante pos van 'n trustee sal so gou as prakties moontlik gevul word. Indien enige begunstigde op enige tydstip die alleentrustee raak, sal al sy magte, buiten die mag van assumpsie, en aanstelling opgeskort word.

Die trustees mag 'n administratiewe trustee aanstel en sodanige administratiewe trustee deur 'n resolusie magtig om alle dokumente in verband met die administrasie en belegging van die trustfondse namens die trustees te onderteken. Sodanige trustee sal geregtig wees om sy normale fooie te hef vir optrede in sodanige hoedanigheid. Die trustees, ongeag of hulle natuurlike of regspersone is, sal geregtig wees om namens die trust op te tree in die normale loop van hulle besigheid en hulle professionele hoedanighede, en om hulle gebruiklike fooie te verhaal wanneer hulle in enige van hierdie hoedanighede optree, en hulle sal geregtig wees om enige kommissie wat aan hulle betaal is, te behou.

Die trustees sal die manier waarop hulle hulle vergaderings belê en hulle besigheid doen, reguleer soos wat hulle goed dink, onderworpe aan die bepalings van die trust.

'n Trustee mag op enige tydstip 'n vergadering van die trustees aanvra, met nie minder nie as sewe dae skriftelike kennisgewing aan die ander trustees, of op sodanige korter kennisgewing as waaroor al die trustees ooreen mag kom.

'n Skriftelike besluit wat deur al die trustees onderteken is, sal so geldig en effektief wees asof dit geneem is by 'n vergadering van die trustees wat behoorlik belê en gekonstitueer is.

Daar moet te eniger tyd meer as drie trustees wees, en 'n kworum sal nie minder wees as twee derdes van die trustees nie, op voorwaarde dat behoorlike kennisgewing van sodanige vergadering gegee is. Die trustees sal nie enige besigheid by enige vergadering doen nie, tensy daar 'n kworum teenwoordig is. Ingeval die getal trustees tot laer as die verlangde kworum daal, moet die oorblywende trustees binne 'n redelike tydperk optree om 'n verdere trustee of trustees aan te stel om 'n kworum te bereik. Gedurende hierdie redelike tyd sal die handelinge van die oorblywende trustees geldig en bindend wees.

Die trustees sal behoorlike rekord en rekeninge hou wat algeheel of gedeeltelik op rekenaar kan wees en wat hulle administrasie van die trustfonds waar en korrek weerspieël en hulle sal seker maak dat 'n staat van die bates en laste van die trustfonds jaarliks ten opsigte van elke jaar opgestel word.

Geen trustee sal aanspreeklik wees om enige verlies wat voortspruit uit die administrasie van die trust of uit die uitoefening van die diskresie wat aan hom verleen is, aan die trust of aan enige begunstigde goed te maak nie, op voorwaarde dat die trustee in die uitvoering van sy pligte en die uitoefening van sy magte opgetree het met die sorg, ywer en vaardigheid wat redelik verwag kan word van 'n persoon wat iemand anders se sake bestuur.

Besluite kan per telefoon, per faks of met enige ander manier van kommunikasie, hetsy elektronies of andersins, geneem word en sodanige besluite sal daarna skriftelik bevestig word deur 'n besluit wat onderteken is deur minstens soveel trustees as wat 'n kworum vorm. 'n Skrif telike besluit wat onderteken is deur minstens soveel trustees as wat 'n kworum vorm, sal geldig en bindend wees ongeag of die trustees 'n vergadering gehou het of nie.

Die trustees mag enige begunstigde die gratis gebruik en genieting toelaat van enige eiendom wat deur hulle beheer word of wat deel vorm van die trustfonds, ongeag of dit vaste of roerende

eiendom is, op sodanige voorwaardes, indien enige, in verband met die instandhouding, versekering, eiendomsbelasting of ander uitgawes, as wat hulle nodig ag.

Bespreek en lewer kommentaar op elk van die volgende stellings:

4.1 Mev. E. Browne is in 'n ongelukkige huwelik en het u geraadpleeg. Sy is nie vertroud met trusts nie en voel dat inligting moontlik van haar weerhou word. (3)

4.2 ……. en Hadley het opdrag om die trustrekords in stand te hou. (2)

4.3 Howard en Elizabeth bly in die residensiële eiendom. (2)

4.4 Keith bly op Bedford en behartig al die boerdery-aktiwiteite. (1)

4.5 Howard bestuur die aandeleportefeulje. (2)

4.6 Hadley het onlangs geëmigreer maar het 'n volmag ten gunste van Gerald gegee voordat hy vertrek het aangesien hy nog nie finaal gevestig is nie. (4)

4.7 Hadley het ook die eiendomsindikasiebelegging aanbeveel kort voordat hy geëmigreer het. (3)

4.8 Vir inkomstebelastingredes het Keith nie al die inkomste uit boerderybedrywighede in die finansiële jaarstate weerspieël nie, aangesien daar sekere kontanttransaksies was en Keith hierdie kontant gebruik het om verbeteringe aan die plaashuis aan te bring en om 'n voertuig vir sy vrou te koop. (2)

4.9 Howard het onlangs 'n aanbod onderteken om 'n woonstel vir R500 000 in die naam van die trust te koop sodat Gillian se kind, Peter, daar kan bly terwyl hy verder studeer. (2)

4.10 Gerald ontvang 'n maandelikse toelaag van die trust maar is ontevrede omdat hy voel dat hy in die duister gehou word oor die trust en die trustbates. (2)

4.11 Gerald voel ook dat sy broer en suster groter voordele uit die trust onvang as wat hy ontvang. (2)

[25]

[TOTAAL 50]

AFDELING E: BOEDELBEPLANNING – (50 PUNTE)

VRAAG 1

1.1 John het sy vakansiehuis op 2 April 2011 vir R1,800,000 aan 'n *inter vivos*-trust verkoop in 'n poging om enige potensiële toekomstige groei van hierdie bate in sy boedel uit te skakel.
Bereken die hereregte wat betaalbaar is en dui aan wie daarvoor verantwoordelik sal wees. (2)

1.2 John Doe het 'n gevestigde reg in die kapitaalbates van die How-do-you-do Trust. Die trust besit slegs vaste eiendom. Gedurende die 2010-aanslagjaar is 'n eiendom met 'n basiskoste van R1,000,000 deur die trust teen die markwaarde van R5,000,000 aan 'n derde party verkoop.
Verduidelik wie aanspreeklik sal wees vir die betaling van die kapitaalwinsbelasting wat die verkoop van die bate sal veroorsaak. Verwys na relevante gesag. (2)

1.3 Harry bemaak sy hele boedel aan 'n testamentêre trust. Hierdie trust het 'n klousule wat soos volg lees: "My trustees sal geregtig wees om soveel van die netto inkomste van die trust as wat hulle nodig mag ag aan my vrou, Sally, te betaal. Enige surplus inkomste moet gekapitaliseer word. Na Sally se dood sal die trust ontbind en die kapitaal wat dan beskikbaar is, sal aan my kinders uitgekeer word."
Verduidelik of hierdie bemaking sal kwalifiseer as aftrekking ingevolge artikel 4(q) van die Boedelbelastingwet, 45 van 1955. (2)

1.4 John en Jolene is in 2009 geskei. Hulle het sedertdien versoen geraak en woon tans saam. Jolene het 2 kinders uit 'n vorige verhouding.
Adviseer John oor hoe sy verhouding met Jolene vir belastingdoeleindes beskou sal word. Verwys spesifiek na alle toepaslike wetgewing. (2)

1.5 Met Mike se dood word die opbrengste van 'n polis op sy lewe (R100, 000) betaal aan die maatskappy waarvan hy 80% van die aandele besit. Die totale waarde van die aandeelhouding in die maatskappy beloop R1,400,000. Die opbrengste van die polis is ingesluit by hierdie waardasie. Die polis voldoen aan die bepalings van artikel 11(w) van die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962.
Bespreek hoe die opbrengste van hierdie polis vir boedelbelastingdoeleindes gehanteer sal word. Toon berekeninge en verwys na die relevante gesag. (2)

[10]

VRAAG 2

2.1 Mnr. Avontuur het 'n paar jaar gelede 'n stuk grond gekoop. Hy is op 31 Maart 2011 oorlede sonder dat hy enige ontwikkeling op die eiendom gedoen het.

Veronderstel dat 'n hy belastingkoers van 40% gehad het en bereken die kapitaalwinsbelastingimplikasies in die volgende scenario's:

Koopprys	1 Oktober 2001	31 Maart 2011	
(a) R350 000	R400 000	R450 000	(1)
(b) In brand vernietig	Onbekend	R450 000	(2)

[3]

2.2 Jane is in November 2010 oorlede. Die waarde van haar boedel was R8,000,000. Sy was ingevolge 'n gewoonteverbintenis met John getroud. Ten tyde van John se dood in 2006 was hy ook in gevolge 'n gewoonteregtelikeverbintenis met Caroline getroud.
'n Aftrekking van R500 000 is ingevolge artikel 4A van die Boedelbelastingwet, 45 van 1955, in John se boedel gebruik.
Bereken die waarde van die artikel 4A-aftrekking in Jane se boedel. **[3]**

2.3 John het vir 27 jaar in South Africa gewoon, waarna hy besluit het om na Namibië te emigreer. Nadat hy vir 10 jaar in Namibië gebly het, het hy in 2001 na SA teruggekeer. Hy is in 2004 oorlede terwyl hy in Suid-Afrika gebly het. Die volgende bates is by sy dood in die inventaris weerspieël:

Plaas in Namibië (waardasie)	R 3 000 000
Kontant in Bank van Namibië	R 500 000
Bates in SA	R10 000 000

(a) Watter van hierdie bates sal aan boedelbelasting onderworpe wees? Motiveer u antwoord. (2)
(b) Sal daar enige aftrekking van boedelbelasting wees ten opsigte van die Namibiese bates? Verwys na gesag. (1)
[3]

2.4 Peter het sy hele boedel aan 'n *inter vivos*-liefdadigheidstrust bemaak. Die eksekuteur is onseker oor hoe so 'n bemaking vir boedelbelastingdoeleindes gehanteer moet word.
(a) Verduidelik onder watter omstandighede die boedel 'n aftrekking vir boedelbelasting kan eis en, indien wel, watter bewys die Meester sal verlang. (1)

(b) Verduidelik aan die eksekuteur die proses wat hy moet volg om vir die aftrekking te kwalifiseer indien die bemaking aan 'n testamentêre trust met liefdadigheidsoogmerke gemaak is. (1)
[2]

2.5 Steve se oupa het sy plaas aan sy dogter, Jenny, bemaak onderworpe aan 'n vruggebruik ten gunste van Steve. Die oupa is op 12 Februarie 2007 oorlede. Op 20 Maart 2010 besluit Steve om afstand te doen van sy reg op die vruggebruik aangesien hy onlangs die lotery gewen het nie meer die inkomste uit die plaas nodig het nie.
Adviseer Steve oor die belastinggevolge van hierdie afstanddoening. Verwys na relevante gesag. **[2]**

2.6 John se gesinswoning, waar hy en sy familie bly, word deur sy familietrust besit. Hy was die oprigter van die trust en is ook 'n begunstigde. Die ander bates wat deur die trust besit word, sluit 'n aandelepoortefeulje en kontant in. John is nie seker oor hoe sy gesinswoning gehanteer moet word nie.

Verduidelik sy opsies sowel as hoe hierdie opsies uitgevoer kan word, aan hom. Verwys na relevante gesag. **[2]**
[15]

VRAAG 3

John Smith is 62 jaar oud en met Jane getroud. Hulle huweliksgoederebedeling is buite gemeenskap van goedere, met uitsluiting van die aanwasbedeling. Hulle het 2 meerderjarige kinders.

Sy boedel bestaan uit die volgende:

Bates	R
Woonhuis in Kaapstad	2,000,000
Meubels en toerusting	100,000
Motorvoertuie	400,000
Boot (8 meter)	450,000
Genoteerde aandele	550,000
Kontant	250,000
50% ledebelang in Equipt BK	2,000,000
Lewensversekering betaalbaar aan sy seun	1,000,000
Lewensversekering betaalbaar aan Peter (voormalige lid van Equipt BK)	2,020,000
Bankrekening in Jersey (Rand-waarde)	800,000
Laste	
Kredietkaart (debietsaldo)	50,000
Uitstaande inkomstebelasting verskuldig aan SAID	50,000

John en sy beste vriend, Peter, was lede van Equipt BK. Hulle het ’n koop-en-verkoop-ooreenkoms aangegaan en polisse op mekaar se lewens uitgeneem. Peter het op 31 Oktober 2010 afgetree en sy ledebelang aan Paul verkoop. Geen wysiging is aan die polisooreenkoms aangebring nie.
Ingevolge John se testament bemaak hy sy woonhuis, meubels en toerusting en voertuie aan Jane. Die res van sy boedel word aan sy kinders bemaak.
Jane besit geen ander bates buiten ’n voertuig en ’n klein bankrekening nie.
Beantwoord die volgende vrae asof John so pas oorlede is:

3.1 Bereken die eksekuteursfooie (insluitend BTW). Kies die korrekte antwoord en toon jou berekeninge:

a. R310,023
b. R225,435
c. R229,425
d. R201,250 **[1]**

3.2 Bereken die belasbare kapitaalwins in die boedel. Jy kan die volgende basiskostes veronderstel:

Woonhuis	R400,000
Boot	R350,000
Genoteerde aandele	R200,000

[4]

3.3 Bereken die boedelbelasting wat betaalbaar is. Veronderstel dat die totale beredderingskostes (Meestergelde, begrafniskoste, ensovoorts) R30,000 beloop. Toon alle berekeninge. **[7]**

3.4.1 Bereken die likiditeitsituasie in die boedel. (2)

3.4.2 Verduidelik watter effek 'n moontlike likiditeitstekort op die boedel sal hê en hoe dit aangespreek kan word. (3)

3.4.3 Wat kon John gedurende sy leeftyd gedoen het om seker te maak dat daar by sy dood voldoende likiditeit in sy boedel sou wees? (2)

[7]

3.5 John is bekommerd dat Jane dalk nie behoorlik versorg sal wees nie en hy oorweeg dit om meer bates aan haar na te laat. Verduidelik wat die gevolge sal wees indien John sy hele boedel aan Jane sou bemaak. **[3]**

3.6 Bespreek drie boedelbeplanningstegnieke wat John se aanspreeklikheid vir boedelbelasting sal verminder. **[3]**

[25]

[TOTAAL 50]